

GESKIEDENIS VAN KLEINMOND, BETTY'S BAAI, PRINGLEBAAI EN ROOIELS.

Vroeë spore van bewoning is in die omgewing van Kaap Hangklip gevind. Klip handbyle wat uit die Neandertal era, wat sover as 20 000 jaar terug dateer, is hier opgegrawe.

Khoisan strandlopers het van hulle visfuike en afvalhope, orals langs die strand, tussen Kleinmond en Hawston, asook in grotte in die berge wat aan die strandfront grens, gelaat. Hierdie streek was baie afgesonderd omdat die Kogelberg berge lank as 'n verskansing vir enige blanke uitbreiding vanaf die Wes-Kaap na die ooste gedien het.

Vir ongeveer twee eeue was die gebied die skuilplek van wettelose drosters vlugteling slawe, kriminele en nalatings van die Khoisan wat deur masels uitgedun is.

Gedurende 1739 is 'n veepos in die omgewing van Bettysbaai aan Andries Grové, die eerste Grové wat in 1721 in Suid-Afrika met Anna Niel [Nell] van Franschhoek, in die huwelik bevestig is, gegee. Hierdie gebied het vir 'n geruime tyd nog onbewoond gebly, en volgens verslae wat van tyd tot tyd deur 'n ene William Paterson, wat die streek gereeld van Somerset Wes na Botrivier besoek het, het hiënas, sebras, bontebokke, buffels en elande vrylik hier rondgedwaal.

Teen die middel van die 19de eeu het 'n klein vissersgemeenskap hulle by Jongensklip, wat vandag Kleinmond se vissershawetjie is, gevestig.

Teen ongeveer 1860 het die streek egter vir die eerste keer 'n geliefkoosde vakansie oord geword, toe boere van sover as Caledon en naby geleë plase, jaarliks hulle uittog hierheen begin neem het. Hulle het langs die Palmiet strandmeer en die mond van die klein Botrivier, waar die hotel gestaan het, besoek. 'n Ene mnr. P.J.[Ouman] Delport het die Hotel in 1939 gebou en dit toe vir 5 jaar saam met Blanche Delport bedryf. Daarna is dit toe aan mnr. John Pitt verkoop.

Kerkdienste is gedurende eind jaar vakansie tye by die klein Botrivier strandmeer van so vroeg as 1902 gehou, en die boom wat vandag nog op die oewers van die strandmeer staan, het die naam die "Preekboom" ontvang, omdat die predikante onder die genoemde boom hulle preke gelewer het .

Die oorspronklike Lamloch plaas is in 1910 onderverdeel en die Kaplan broers het die gedeelte waarop hulle Kleinmond uitgelê het, gekoop. Die industriële gedeelte van Kleinmond is juis na Robert Kaplan, een van die oorspronklike eienaars, vernoem.

'n Walvisstasie is in 1913 by Stony Point in Bettysbaai, op grond wat aan die Walsh broers behoort het, opgerig. Hulle het 30 morg aan 'n mnr. Frank Cook verhuur. Hy was die eienaar van klein skeepsredery. Die stasie het as die Waaigat walvisstasie bekend gestaan en die “Southern Whaling Company” is later daarvandaan bedryf, maar is in 1915 gelikwieder. Die geboue het toe leeg gestaan totdat daar later weer in 1925 met walvisbedrywigheede begin is. Teen 1930 het die prys van walvisolie egter so laag gedaal, dat alle bedrywigheede op die gebied, finaal gesluit is.

Die grond in die omgewing is toe as weiveld en die versameling van wilde blomme gebruik. Die bekende Sewejaartjies [*Helichrysum Vestitum*] is vir kransies gebruik asook om matrasse op te stop. Na die afsterwe van John Walsh, is die plaas aan 'n Konsortium van Arthur Youldon, Jack Clarence en Harold Porter verkoop. Hulle het die gebied “Hangklip Beach Estate” genoem. Daarna is drie klein dorpieë nl. Rooiels, Pringlebaai en Bettysbaai gestig. Harold Porter het die Botaniese tuine, wat na hom vernoem is, uitgelê asook die straatuitlegte van die genoemde drie dorpieë. Bettysbaai is na Arthur Youldon se dogter Betty vernoem. Italiaanse krygsgevangene van die tweede Wêreldoorlog het met die bou van die kuspadd vanaf Gordonsbaai tot by Rooiels gehelp.

Gedurende die genoemde oorlog, het Kaap Hangklip 'n baie belangrike strategiese militêre rol in die bewaring van die oostelike kusgebied van Valsbaai vervul, sover dit die opsporing van vyandige duikbote betref het.

Die dorpie Kleinmond het algaande weg ontwikkel. In 1948 is die eerste “Village Management Board” gestig. Die vissermanne wat op die tydstip naby die hawegebied gewoon het, is verder op teen die berg se hange verskuif. Die hawegebied is toe in 1954 tot 'n industriële gebied geproklameer.

Die ontwikkeling van 'n infrastruktuur vir Kleinmond het in 1966 begin. Daar is met die aanlê van teerpaaië, die bou van die stadsaal, munisipale kantore en 'n biblioteek begin. Teen 1978 het Kleinmond al sy eie wapen gehad, asook 'n dorpsbeplanningsafdeling en kampterreine, wat hulle alles self geadministreer het.

Huidiglik brei al vier dorpieë geweldig uit en is dit nie net meer 'n gebied vir ou mense of ander afgetredenes nie. Alhoemere nuwe sakeondernemings open, en heelwat ligte industrieë, veral in die boubedryf, vestig hier.

[’n Vertaling van ***History, Kleinmond, Betty’s Bay, Pringle Bay & Rooiels*** wat deur die Kleinmond Munisipaliteit uitgegee is. Een of twee geringe byvoegings is gemaak.]